

Potchefstroom se stigting 1838 of 1839?*

P.F. van der Schyff

Departement Geskiedenis
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

POLEMIEK

DIE OORSTEK van die Vaalrivier en die vestiging van die eerste Voortrekkers aan onder meer die Mooirivier in Transvaal word net terloops in historiese en algemene werke en in reisjoernale vermeld. Geen historiese dieptestudie is al oor die pioniersfase in die geskiedenis van die vestiging van die blanke in die binneland van Suider-Afrika gedoen nie.

Vir baie lank was die vry-algemene opvatting dat die eerste nedersetting noord van die Vaalrivier teen die einde van 1838 sy beslag gekry het met die aanleg van Potchefstroom aan die Mooirivier. Enkele jare gelede is egter daarop aanspraak gemaak dat die eerste Voortrekkers hulle reeds in 1837 aan die Schoonspruit by Klerksdorp gevestig het.¹ In die hieropvolgende polemiek oor welke van Potchefstroom of Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal is, het die kollig skerp op die aangeleentheid geval en is ywerig na bewysplose gesoek.² Gesterk deur die advies van navorsers wat hulle in die saak verdiep het, het Klerksdorp in 1987 en Potchefstroom in 1988 hul 150ste bestaansjaar herdenk.

Vroeg in 1988 is die standhoudendheid van genoemde stigtingsdatums bevraagteken aan die hand van ou plaasregisters en 'n herinterpretasie van bekende en minder bekende bronne. Hiervolgens kan albei dorpe se oorsprong hoogstens na 1839 teruggevoer word.³ Reaksie hierop⁴ het die noodsaaklikheid onderstreep dat die bronne en bronnewertolking met betrekking tot die onderwerp krities ontleed sal word. In die proses word veral G.N. van den Bergh se standpunte en interpretasies (synde die mees resente en die gesaghebbendste tot op datum) in die kollig geplaas.⁵

PRO-1838-STANDPUNTE

Onder die vroegeste en belangrikste voorstanders van 1838 as datum vir vestiging op Potchefstroom tel beslis George McCall Theal, doyen van Suid-Afrika se pioniershistorici, en die romantikus Gustav Preller wat soveel gedoen het om die Afrikaner van sy historiese wording bewus te maak. Theal was lank die hoofbron vir die verspreiding van kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die 19e eeu en sy bevinde het wye aanklank gevind. Die feitlik totale afwesigheid van bronverwysings by Theal het die opkomende geskiedwetenskap egter toenemend begin pla, veral namate gebreke en leemtes in sy werke ontdek en uitgewys is. Dieselfde geld vir Preller.

Theal se standpunt ten opsigte van Potchefstroom het hy in meer as een van sy werke verwoord:

There [Sand River] they remained until November [1838], when they proceeded onward to the Mooi river, and formed on its banks the first permanent settlement of Europeans in the country north of the Vaal.⁶

Preller beskryf op sy beurt die vestiging noord van die Vaalrivier so:

*Hierdie artikel handel bloot oor die waarskynlikste datum waarop die nedersetting aan die Mooirivier gestig is. Nog die omstredenheid rondom norme waarvolgens dorpe of stede se ouderdom bepaal word, nog die vraag of die fisiese verplaasning van 'n nedersetting (soos Potchefstroom wat in 1841 verskuif het) 'n nuwe stigtingsdatum behels, word aangespreek.

Na die ongelukkige Italeni-geveg is generaals Andries Potgieter weer terug, oor Drakensberg, na die Oorvaalse gebied, waar hy sig in Nov. 1838 in patriargale welbehae neergelaat het aan die groene beemde van die Mooirivier. Daar het hy 'Mooitiversdorp' gestig, wat mettertyd Potchefstroom geword het ...?

In 'n werk wat in 1899 verskyn het, huldig J.C. Voigt ook die mening dat Potchefstroom in November 1838 aangelê is.⁸

In navolging van Theal, Preller en Voigt, en met verdere verwysing na twee koerantmededelinge en die Natalse Volksraadsnotule van 8 Oktober 1841, kom W. Badenhorst in 'n gedenkboek ter ere van Potchefstroom se eeufeesvierings tot die gevolgtrekking dat November 1838 as stigtingsdatum van die dorp beskou moet word.⁹ In die gebrekkige (maar enigste) biografie van A.H. Potgieter word enersyds gesê dat Potgieter in November 1838 al op reis was na Mooirivier en andersyds dat hy Vravier eers 'end. 1838' verlaat het, op pad na Transvaal.¹⁰

¹ R. Marx, 'Wanneer is Klerksdorp gestig?', *Overvaal Museanuus* 11(4), Desember 1984, pp. 12-13.

² G.N. van den Bergh, 'Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?', *Contree* 18, Julie 1985, pp. 5-9; R. Marx, 'Watter is die oudste dorp in Transvaal?', *Contree* 19, Januarie 1986, pp. 28-31. Die twigesprek tussen die twee persone, wat ook namens die twee dorpe geskied het, het verder neerslag gevind in notule van stadsraadsvergaderings, in memoranda en verslae. Sporadiese berigte hieroor het ook in die pers verskyn. (In die Potchefstroom Museum word heelwat inligting oor die saak aangetref.)

³ P.F. van der Schyff, 'Vestiging van Voortrekkers in Overvaal, 1836-1841' (ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Groot Trek 150-konferensie, Potchefstroom, 19 Januarie 1988). Kyk ook *Potchefstroom Herald*, 29.1.1988 (Berig: 'Is fees te vroeg?') en *Die Vaderland*, 1.2.1988 (Berig: 'Registrasie sê hulle vier te vroeg!'). In die voorafgaande polemiek het Van den Bergh wel aangetoon dat Klerksdorp eers in 1839 aangelê is; terselfdertyd het Marx 1838 as Potchefstroom se stigtingsdatum bevragegteken.

⁴ Van den Bergh se uitsprake hieroor verskyn in die brievenkolomme van die *Potchefstroom Herald* (5.2.1988) en *Die Vaderland* (9.2.1988), terwyl Van der Schyff se reaksie opgeneem is in *Potchefstroom Herald*, 9.2.1988.

⁵ Van den Bergh is sedert 1984 besig met 'n dieptestudie oor die geskiedenis van Potchefstroom.

⁶ G.M. Theal, *Progress of South Africa in the century* (Nineteenth century series, 10, Toronto, 1902), p. 239, and *History of South Africa since 1795*, 2 (Londen, 1908), p. 327.

⁷ G.S. Preller, *Andries Pretorius : lewensbeskrywing van die Voortrekker kommandant-generaal* (Johannesburg, 1937), p. 128.

⁸ J.C. Voigt, *Fifty years of the history of the republic in South Africa*, 1 (Londen, 1899), p. 76.

⁹ W. Badenhorst, 'Die geskiedenis van Potchefstroom', in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom 1839-1938* (Johannesburg, 1938), pp. 9-10 en 123. Genoemde koerantmededelinge (*Transvaal Argus*, 29.1.1968 en *Natal Advertiser*, 21.7.1921) is vanweë die sekondêre aard daarvan nie ernstig oorweg nie. Die betrokke notule word later in die artikel ontleed.

¹⁰ C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter* (Johannesburg, 1938), pp. 109 en 114.

'n Potgieter-bewonderaar en yweraar vir die geskiedenis van Potchefstroom, A.J. van der Walt, wie se navorsing in die Potgieter-biografie neerslag gevind het, ondersteun Theal se standpunt dat Potgieter in November 1838 by Mooirivier aangekom en Potchefstroom gestig het.¹¹

In 1955 het D.J.P. Haasbroek ook die Voortrekkerdorp se stigtingsdatum onder die loep geneem en tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'lyk of Potchefstroom wel teen die einde van Desember 1838 aangelê is.'¹² In 'n veel later stuk sê hy feitlik dieselfde: 'Dus kan aangeneem word dat Potchefstroom nie in November 1838 nie, maar na 3 Desember 1838 en voor die einde van daardie maand aangelê is.'¹³

Meer resente historici soos A.N. Pelzer, J.J. Oberholster en J.S. du Plessis skaar hulle ook by die 1838-aanname en steun hoofsaaklik op vroeëre 'bevindings' oor wanneer Potchefstroom gestig is.¹⁴

Die mees onlangse uitsprake in hierdie verband is dié van G.N. van den Bergh, wat in opdrag van die Potchefstroomse Stadsraad ondersoek ingestel het na bewerings dat Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal is. In 'n eerste advies maak hy die kategoriese stelling dat die ontstaandatum van Potchefstroom, 't.w. November of Desember 1838', nie bewis kan word nie.¹⁵ Op grond hiervan en gesterk deur Van den Bergh se gepubliseerde bevindings¹⁶ het die stadsraad besluit 'dat dit 'n historiese feit is dat die dorp Potchefstroom in 1838 ontstaan het'.¹⁷ Dit het as vertrekpunt gedien vir die grootse feesvierings in 1988.

In 'n opvolgverslag aan die stadsraad, genoodsaak deur die polemiek met Klerksdorp, kom Van den Bergh tot die volgende konklusie:

Die feit dat verskeie datums vir die aanleg van Potchefstroom aangegee word, wek die vermoede dat daar *verskillende fases in die ontstaan van Potchefstroom* was. Die eerste was die 'proklamasie van Potchefstroom' deur Potgieter aan die Sandrivier in ongeveer 1838. In die tyd kon enkele gesinne reeds op die nuwe dorp gevestig het. Die hoof beweging na Transvaal het egter eers in ongeveer Februarie 1839 geskied toe Potgieter self daarheen verhuis het. Hierdie standpunt rym met bekende feite oor die toesegging en besetting van Transvaalse please vanaf die Sandrivier in 1838. Daar bestaan dus voldoende gronde om die stigtingsdatum van Potchefstroom as November/Desember 1838 te aanvaar.¹⁸

Feit en spekulasié is moeilik te onderskei in bogenoemde aanhaling, veral omdat van die aannames nie bronnetoetsing kan deurstaan nie. Hierdie bevindings word later in die artikel ontleed.

PRO-1839-SIENINGE

Twee bekende Afrikanerhistorici is onder diegene wat nedersetting aan die Mooirivier en die stigting van Potchefstroom na 1839 terugvoer. Hoewel D.W. Krüger in sy proefskrif voorkeur gee aan die 1838-aanname,¹⁹ het hy in 'n vroeëre werk en later in 'n dieptestudie oor die lewe van Paul Kruger tot ander insigte gekom: 'In die Transvaal aangekom, het Potgieter en sy volgelinge hulle vroeg in 1839 te Potchefstroom gevestig ...'²⁰ P.J. van der Merwe, sonder twyfel een van die deuglikste navorsers wat die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing nog opgelewer het, skaar hom in een van sy laaste werke ook by baie getuienis wat 'in hierdie rigting duï'²¹ — dit wil sê 1839 as stigtingsdatum.

In F.A.F. Wichmann se proefskrif word eweneens ondersteuning vir die 1839-standpunt aangetref: hy meen dat Potgieter-hulle in Februarie 1839 nog in die omstreke van Winburg gewoon het.²² 'n Aantal publikasies uit die 19de eeu duï ook op 1839 as Potchefstroom se stigtingsdatum. In 'n werk wat in 1854 uitgegee is, verwys J. Stuart só na Potgieter:

Deze bouwe in 1839 eene stad, aan die in die rivier uitstroomende Mooirivier en noemde haar Potchefstroom, naar den naam en die betrekking van haren hoofdman en naar de waterrike plaats waar zij gevestigd werd.²³

In 'n amptelike publikasie wat in 1879 uitgegee is, stel F.H. Jeppe dit pertinent: 'In 1839, Potgieter established the village of Potchefstroom.'²⁴ In 1882 vestig 'n amateur-geskiedwerk die aandag só op Potgieter en sy geselskap: 'Diezelde vestigde in 1839 een dorp aan die westzijde der Mooirivier ...'²⁵

In sy semi-biografiese werk oor pres. S.J.P. Kruger teen omstreks 1898 het J.F. van Oordt sonder huiwering verklaar:

Toen Potgieter bevond dat er geen dadelijk gevaar van de Matabelen te vreezen was [1839], trok hij mit zijne aanhangars en hunne familie naar de Mooi-rivier en hier werd tegen het einde van 1839 de Stad Potchefstroom aangelegd

²⁶

Dit is ten slotte ook insiggewend dat 'n reisiger en voormalige Kaapse magistraat in 1888 daarna verwys dat Potgieter 'the town of Potchefstroom' in 1839 aangelê het.²⁷

'N BRONNE-ONTLEDING

Die voorafgaande breë historiografiese oorsig gee geen finale uitsluitsel nie en veel meer uitsprake na weerskante word in literatuur aangetref. Daar sal gevoglik dieper op die saak

¹¹ A.J. van der Walt, *Vastrappers (of volkstiepe)* (Potchefstroom, c. 1920), pp. 218 en 237.

¹² D.J.P. Haasbroek, 'Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881' (M.A., PUvCHO, 1955), p. 6.

¹³ D.J.P. Haasbroek, 'Potchefstroom, waar kry jy daardie naam?', *Contree 3*, Januarie 1978, p. 25. Vir dié gevolgtrekking verlaat Haasbroek hom veral op dieselfde bronne as W. Badenhorst (kyk voetnoot 9 hierbo).

¹⁴ A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1: Wordingjaar* (Kaapstad, 1950), p. 85; J.J. Oberholster, 'Andries Hendrik Potgieter', in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordenboek*, I (Kaapstad, 1968), p. 667; J.S. du Plessis, 'Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902)', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 18(1), 1955, p. 49.

¹⁵ G.N. van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad Potchefstroom, 16 April 1985', p. 17 (in Potchefstroom Museum).

¹⁶ Van den Bergh, 'Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?', pp. 5 en 9.

¹⁷ Potchefstroom Museum: Stadsraadsbesluit, 27.11.1985.

¹⁸ G.N. van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad Potchefstroom, 20 Julie 1987', p. 15 (in Potchefstroom Museum).

¹⁹ D.W. Krüger, 'Die weg na die see ...', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 1(1), 1938, p. 89. In sy proefskrif 'Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-86) ...', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 21(2), 1958, steun F.J. Potgieter op Krüger se werk vir 1838 as vestigingsdaum.

²⁰ D.W. Krüger, *Paul Kruger* (Johannesburg, 1961), p. 19. Vgl. ook sy siening in 'Die Republiek Stellaland' (M.A., UNISA/PUK, 1932), p. 5.

²¹ P.J. van der Merwe, 'Die Voortrekkers en die Matebeles', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 49(2), 1986, p. 276.

²² F.A.F. Wichmann, 'Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 4(2), 1941, p. 21.

²³ J. Stuart, *De Hollandsche Afrikanen en hunne republiek in Zuid-Afrika* (Amsterdam, 1854), p. 181.

²⁴ F.H. Jeppe, *Transvaal book almanac and directory* (Pietermaritzburg, 1879), p. 7.

²⁵ J.D. Weilbach en C.N.J. du Plessis, *Geschiedenis van de emigranten-boeren en van den Vrijheidsoorlog* (Kaapstad, 1882), p. 14.

²⁶ J.F. van Oordt, *Paul Kruger en die opkomst van die Zuid-Afrikaansche Republiek* (Kaapstad, 1898), p. 48.

²⁷ A.A. Anderson, *Twenty-five years in a wagon : sport and travel in South Africa* (Londen, 1888), p. 268.

ingegaan moet word deur middel van 'n kritiese ontleding en evaluering van primêre bronne en van skrywers se vertolknings van hul gegewens.

Keate-stukke

Insiggewende besonderhede wat op die vestiging aan die Mooirivier betrekking het, kom voor in die getuienis wat in 1871 op Bloemhof tydens die Keate-arbitrasie oor grondbesit en grense afgelê is.²⁸ In een van sy verslae aan die Potchefstroomse Stadsraad maak Van den Bergh wel hiervan gebruik²⁹, terwyl ook P.J. van der Merwe van sy bevindings hierheen herlei.³⁰

Getuie Johannes Gerhardus Janse van Vuuren wat hom sedert 1836 in Potgieter se gelede bevind het, het die slag by Vegkop beleef en sowel die eerste as die tweede strafekspeisie teen Mzilikazi meegevoer. Sy verklaring lui:

Ik ken Mooirivier; ek kwam het eerste daar in 1839 — kwam van Zan[d] rivier. Van Suikerbosrand gingen wij naar Natal en kwamen daar in 1837 en trokken weer uit in 1838 naa Mooirivier ...³¹

Dit sou verkeerd wees om soos Van den Bergh die verwysing na 1838 te beskou as aanduiding dat vestiging aan die Mooirivier toe al plaasgevind het.³² Die eerste sin van die aanhaling gee die perspektief (aankoms by Mooirivier in 1839, vanaf Sandrivier), terwyl die aard van die dokument (getuenisaflegging oor 'n heel ander kwessie) die weglaat van die Sandrivier-periode in die latere sin verklaar. Die jaartal 1838 aan die einde dui op die wegtrek uit Natal en nie op die aankoms by Mooirivier nie. Die sin moet dus so gelees word: 'Ons het in 1837 in Natal aangekom en weer in 1838 daarvandaan weggetrek, eers na Sandrivier en toe na Mooirivier.' Dit is tog algemene kennis dat die Potgieter-mense nie direk van Natal na Mooirivier getrek het nie.

In dieselfde arbitrasiesaak het W.P. Grobbelaar, 'n 48-jarige boer van die distrik Rustenburg, soos volg getuig:

In 1839 ben ik in dit land gekomen. Er waren toen geen emigrante boeren noord van de Vaal. Potgieter was onze Commandant. Ik ben by Potgieter gekomen aan de andere zyde van die Drakensberg in 1838. Sedert die tyd ben ik met hem mede getrokken. En altyd onder zyn Commandantschap tot zyn dood. Wy zetten ons het eerst te Mooirivier.³³

Die mees logiese afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die laaste opmerking verband hou met die stelling dat hy in 1839 die gebied binnekomen het, en dat daar voor sy (hulle) koms nog geen ander blanke setlaars in dié gebied was nie. Daar kan beslis nie in hierdie getuenis steun vir 'n 1838-besetting van die gebied gelees word nie. Tog gebruik Van den Bergh die getuenis buite verband en met weglatings/invoegings soos volg: 'W.P. Grobbelaar het verklaar dat hy sedert 1838 met Potgieter saam getrek het en na die terugkeer uit Natal (omstreeks Mei 1838) "wy zetten ons het eerst te Mooirivier".' Hy verswyg ook die betekenisvolle eerste sin van die aanhaling hierbo.

Nog iemand wie se getuenis lig op die saakwerp, is Johannes Lodewicus Pretorius wat homself as Potgieter se 'Secretaris' of 'Klerk' beskryf. Hy het die Trekkerleier vir die eerste keer in 1838 by Sandrivier ontmoet en was getuie van Potgieter se onderhandeling met swart stamme vir die verkryging van grond in die latere Oranje-Vrystaat. 'n Brief wat Potgieter op 3 Desember 1838 van Sandrivier af aan die Kaapse goewerneur gerig het, is deur Pretorius opgestel. Hy het ook deelgeneem aan verskeie onderhandelings wat in 1839 en daarna tussen Potgieter en swart stamhoofde plaasgevind het. Die kern van sy getuenis, vir sover dit die saak

van vestiging by Potchefstroom betref, lui: 'Ik ben naar Mooirivier gekomen in 1839. Potgieter was daar ...'³⁴ Van den Bergh se vertolking van 'was daar' is dat Potgieter reeds voor 1839, *dit wil sê in 1838*, daar was.³⁵ Dit is egter blote bespiegeling want die woorde kan net sowel beteken dat Potgieter voor J.L. Pretorius daar was, dog steeds in 1839. 'n Mens kan selfs geneig wees om dit te lees as 'Potgieter was (ook) daar' of dalk selfs as 'saam met Potgieter', siende dat hy reeds sedert 1838 as Potgieter se sekretaris of klerk opgetree het. Pretorius het verder getuig hoe swart stamhoofde in 1839 by Mooirivier met Potgieter oor woonplek onderhandel het. Die jaar 1838 verbind hy aan Sandrivier deur te verwys na 'n jag- en sout-gaan-haal-ekskursie wat in dié jaar daarvandaan na Soutpan in die Hartsrivieromgewing onderneem is; volgens hom het niemand destyds daar gewoon nie.³⁶ Pretorius se getuenis dui dus grotendeels op 'n 1839-besetting van die Overvaalse gebied deur die Voortrekkers.

Die latere staatspresident Paul Kruger het ook in die Keate-hofsaak getuig; hy het glo in 1839 oor die Vaalrivier getrek. Hy was toe 14 jaar oud en 'kwam van Natal'.³⁷ Op sigself sê dit niksoor die algemene vestiging aan die Mooirivier nie. Tog kry die stelling nuwe betekenis as dit in samehang met ander uitsprake van Kruger gelees word. Na Potgieter se hervestiging in die Vrystaat en voor die inbesitname van Mzilikazi se land, het 'n patrollie-kommando weer eens uitgetrek om vas te stel waar Mzilikazi was en om vermiste kinders en gesteelde vee te probeer terugkry. Hoewel 'n ampelike skrywe van die Transvalse Vryheidsdeputasie na Londen in 1883 die datum van vertrek van die patrollie as teen die einde van 1838 aandui, het Paul Kruger, wat lid van die deputasie was, verskeie kere verklaar dat die patrollie in 1839 uitgestuur en die gebied in dié jaar in besit geneem is. Die deputasie het egter ook pertinent aangedui dat die Vaalrivier ná die terugkeer van die patrollie oorgestoe is en dat vestiging aan die Mooirivier, waar Potchefstroom later aangelê is, in 1839 plaasgevind het.³⁸ Oor die vestigingsdatum heers dus eenstemmigheid tussen die getuenis van die deputasie en van Kruger in sy persoonlike hoedanigheid.

Die aangehaalde en nog ander getuenis in die betrokke lêer oor die Keate-hofsaak³⁹ dui sterk op 1839 as datum vir die vestiging van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier. Dit is daarom onbegryplik dat 'n historikus soos Theal wat kennelik insae in die gepubliseerde Engelse weergawe van die Keate-getuenis gehad het, dit nie verreken het nie maar volstaan met die veralgemening dat Potchefstroom teen

²⁸ Transvalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Korrespondensie van die Staatssekretaris (SS) 463, 'Keate Award'.

²⁹ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987'.

³⁰ Van der Merwe, 'Voortrekkers en Matebeles'.

³¹ TAB, SS463, 'Keate Award': Getuenis van J.G.J. van Vuuren, pp. 489-494.

³² Kyk Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 14, waar hy meen dat Van Vuuren nie voor 1839 in Potchefstroom aangekom het nie, maar dat Potgieter en sy groep hulle in 1838 reeds daar gevestig het.

³³ TAB, SS463, 'Keate Award': Getuenis van W.P. Grobbelaar, pp. 427-430.

³⁴ *Ibid.*: Getuenis van J.L. Pretorius, pp. 339-348.

³⁵ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 14.

³⁶ TAB, SS463, 'Keate Award': Getuenis van J.L. Pretorius, p. 340 e.v.

³⁷ *Ibid.*: Getuenis van S.J.P. Kruger, p. 494.

³⁸ Vir 'n deeglike bronse-ontleding oor die betrokke patrollie, kyk Van der Merwe, 'Voortrekkers en Matebeles', pp. 275-277. Vgl. ook pres. Kruger se toespraak by Paardekraal op 16 Desember 1891 in J.S. du Plessis (red.), *President Kruger aan die woord* (Bloemfontein, 1952), p. 94.

³⁹ Kyk ook die getuenis van E.J.A. Grimbeek, D.F. Krüger en J.H. Visser in TAB, SS463, 'Keate Award', pp. 329-332, 365-372 en 468.

November 1838 aangelê is.⁴⁰ Van den Bergh se dienooreenkomsige stellinginname op grond van hierdie primêre bronne is hierbo as foutief bewys.

Odé-stukke

As staatshistorikus van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het G.A. Odé tussen 1894 en 1899 heelwat tydgenootlike herinneringe oor die Groot Trek-periode opgeteken. Een van die getuies, J.P. Marais, het onder meer verklaar:

Omtrent een half jaar na den moord [op Retief] vertrek Potgieter uit Natal. Verschillende menschen uit de andere laagers volgden hem ... Potgieter nam toen met zijn menschen de richting naar Vaalrivier, en wij zijn Vaalrivier overgetrokken in Juni of Juli 1839 na bijna een jaar trekkens uit Natal. Nadat wij Vaalrivier over waren hebben de trekkers hun plaatsen ingenomen op de voorwaarde het land te bewonen. Potgieter is aan Mooirivier gaan zetten en zijn mensen waren van plan om waar Potgieter was een dorp aan te leggen.⁴¹

Nieteenstaande die feit dat persoonlike herinneringe van dié aard nie altyd eksakte datums en tydperke verskaf nie, kan min fout met Marais se argumentasielyn gevind word. Hy oorskot wel die tydsverloop tussen die moord op Retief en die wegtrek van Potgieter uit Natal effens; tog is dit insiggewend dat hy die oorsteek van die Vaalrivier spesifiek aan die wintermaande Junie of Julie koppel, wat wel ongeveer 'n jaar na die trek uit Natal sou wees. Dit is ook opmerklik dat Marais die verkryging van plase in verband bring met die voorwaarde om die land te bewoon en dan in aansluiting daarby, vertel dat Potgieter se mense van plan was om 'n dorp aan die Mooirivier aan te lê. Dit duï sterk daarop dat plaasbesetting en dorpsaanleg, soos logieserwys verwag kan word, gelyktydige aksies kon wees.

Terwyl P.J. van der Merwe Marais se getuenis sonder kommentaar gebruik,⁴² verwerp Van den Bergh sy datering summier op grond van 'die bewysbare uitgee van plase reeds in 1838' en 'genoeg bewyse dat Potgieter voor Junie 1839 Potchefstroom as sy setelplass gebruike het'.⁴³ Laasgenoemde stelling word geensins deur Van den Bergh se aangehaalde bronne onderskryf nie.⁴⁴ Bowendien koppel hy ook die uitgee van plase in 1838 verkeerdelik aan vestiging langs die Mooirivier. Dié aspek word verder aan in besonderhede bespreek.

Gideon Joubert se reisjoernaal, 1838

Laat in 1838 het veldkornet Gideon Joubert van Colesberg op 'n amptelike sending van die Kaapse regering na die binneland vertrek, veral met die oog op die vrymaking van slawe wat die emigrante-boere met hulle saamgeneem het. Hy moes onder meer besoek afle by die Trekleier Hendrik Potgieter en dit het op 30 Oktober 1838 plaasgevind.⁴⁵

Dit wil voorkom asof nie net Van den Bergh nie maar ook 'n kenner van Joubert se lewe, historikus Chris Venter, Joubert se reisjoernaal verkeerd gelees het. Albei bevind dat Potgieter nie by sy laers was toe Joubert daar aangekom het nie en op grond van dié aanname word beweer dat Potgieter in daardie stadium al besig was met die aanleg van Potchefstroom.⁴⁶

Maar wat presies sê Joubert in sy verslag?

30 [Oktober] rynde ik met 2 man te paart naar hendrik potgieter wiens lagers verspryt lagen langes die Sand rivier af gelukkig trof ik potgieter syn veltcornet G Kruger en enige besitters van apprentisen aan op 2 uur te paart daar sy een seeker by eenkoms hat ik sprak met him sy beloofde my ...⁴⁷

Van den Bergh en Venter vertolk dit asof Joubert vir Hendrik Potgieter se veldkornet en enkele slawe-eienaars daar aange treffen het, terwyl dit eerder gelees moet word as Hendrik Potgieter, sy veldkornet en enkele slawe-eienaars. Die trant van die res van die dokument duï veel eerder daarop dat Joubert vir Potgieter persoonlik ontmoet en sy instruksies aan hom en sy volgelinge oorgedra het. Indien Potgieter nie aanwesig was nie, sou geredelikerwys 'n meer pertinente verwysing daarna verwag kon word. Selfs al was Potgieter nie by sy laers nie, sou dit histories onjuis wees om sonder enige verdere gronde te spekuleer — soos Van den Bergh doen — 'dat dit wel moontlik was dat hy tydens sy sodanige afwesigheid besig was met die aanleg van Potchefstroom'.⁴⁸ Venter fouteer nog verder deur 'n verkeerde vertolking te gee aan 'n opmerking van Joubert oor 'n Potgieter-kommando wat op die punt was om na Natal te vertrek om teen die Zoeloe te gaan veg. Venter 'stuur' hierdie 'ekspedisie' na die noorde en sê dat Potchefstroom 'klaarblyklik' tydens hierdie uitstappie gestig is!⁴⁹

Die Joubert-besoek aan Potgieter op 30 Oktober 1838 kan dus hoegenaamd nie gebruik word om dié standpunt dat Potchefstroom in 1838 gestig is, te onderskraag nie.

Potgieter se 'proklamasie' van Desember 1838

Nadat hy die Natalse Voortrekkers besoek het, het Joubert na die Sandrivier teruggekeer en op 1 Desember 1838 besoek by Potgieter se laers afgelê. Instruksies van die Kaapse goewerneur sir George Napier met die strekking dat die Britse owerheid nie maklik van sy jurisdiksie oor die emigrante-boere afstand sou doen nie, is waarskynlik tydens die besoek

Dié kleimuur- en grasdakhuisie op Potchefstroom het waarskynlik aan A.H. Potgieter behoort.

FOTO: TPA, INLICITING & REKLAME, PRETORIA



⁴⁰ Die verklaring hiervoor lê miskien in die swak redaksionele versorging van die vertaling, iets waaroor Theal baie ontevrede was. Kyk sy *History of the Boers in South Africa* (Africana Collectanea-reeks, 45, Kaapstad, 1973), p. 86.

⁴¹ TAB, SS4063, Odé-stukke, pp. 113-121. Dié herinneringe is nie in G. Preller se reeks Voortrekkermense opgeneem nie.

⁴² Van der Merwe, 'Voortrekkers en Matebeles', p. 277.

⁴³ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 14.

⁴⁴ Hy verwys na opgetekende herinneringe in die SS463-dokumentgroep ('Keate Award'). Geen spesifieke tydsaanduiding soos dié wat Van den Bergh vir Potgieter se optredes gee, kon egter daarin gevind word nie.

⁴⁵ Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB), CO2778: Siviele kommissaris Colesberg — Regeringssekretaris, 23.12.1838 (ingesluit Joernaal van G.D. Joubert, 19.12.1838).

⁴⁶ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', pp. 11-12; C. Venter, 'Gideon Daniel Joubert : leiersfiguur op die Kaapkolonie se noordgrens, 1838-1858' (D.Litt. et Phil., UNISA, 1985), p. 107.

⁴⁷ KAB, CO2778: Joernaal van G.D. Joubert, 19.12.1838.

⁴⁸ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', pp. 11-12.

⁴⁹ Venter, 'Gideon Daniel Joubert', p. 107. Vgl. in dié verband ook KAB, CO2778: F. Rawstone — Regeringssekretaris, 12.11.1838.

aan Potgieter oorgedra.⁵⁰ Hy was egter nie daarmee gevind nie en het gereageer in 'n sterk-bewoorde geskrif ('onafhanklikheidsverklaring') waarin hy onder meer verwys het na twee patrollies wat uitgestuur is om gesteekte vee van Mzilikazi terug te kry. Potgieter het voorts verklaar dat die Trekkers die land van Mzilikazi 'ten eene maal ... in besit neemt tot tyd en wyl dat hy onse vee wedergeeft'. Volgens hom het Mzilikazi so ver gevlug dat die emigrante-boere nie weet waar hy hom bevind nie.⁵¹

Voordat die datum van die 'proklamasie' tot 'n oorhaastige bewys van 1838-vestiging verhef word, is dit nodig om die saak in breër perspektief te stel. Dit is naamlik bekend dat Potgieter, voor die werklike inbesitname van Mzilikazi se gebied, 'n kommissie of patrollie uitgestuur het om te probeer vasstel waar hy hom bevind (vergelyk die vroeëre bespreking oor Paul Kruger se getuienis in die Keate-hofsaak). Die twee patrollies waarna in Potgieter se 'onafhanklikheidsverklaring' verwys word, is kennelik die sogenaamde eerste en tweede strafekspedisies (Januarie en November 1837) wat impliseer dat die verkenningsekspedisie eers na 3 Desember 1838 uitgestuur moes gewees het. Waarom anders sou Potgieter in sy brief dan nie ook dáárna verwys het nie?

Bostaande aanname stem ooreen met die herinneringe van Paul Kruger (soos hierbo bespreek) én met die bevinings van P.J. van der Merwe wat redeneer dat hierdie patrollie eers teen die einde van 1838 of selfs vroeg in 1839 uitgestuur is.⁵² Die feit dat vasgestel is dat Mzilikazi ver noordwaarts uitgewyk het, en dat klein groepies ontredderde swartes die Boere om beskerming gevra het,⁵³ het permanente besetting (in plaas van tydelike inname van die gebied, soos op 3 Desember 1838 aan Napier voorgehou) inderdaad aanloklik en moontlik gemaak.

Van den Bergh hou egter ander menings daarop na. 'Pas na Julie 1838', sê hy, het Potgieter besluit om hom noord van die Vaalrivier te vestig. Gevolglik het hy 'n kommando uitgestuur

om te verseker dat die gebied wel deur die Matabelies ontruim is, en daarnaas of daarmee saam 'n kommissie ... om die juiste plek van aanleg vir die nuwe dorp te bepaal. Teen einde November 1838 het die beide ekspedisies positief geraporteer. Reeds teen dié tyd is besluit op dorpsstigting en op die juiste plek waar dit sou geskied ... Die dorp is waarskynlik in November 'geproklameer' ...⁵⁴

'n Grondige bestudering van *Van den Bergh* se aangehaalde bronne toon geen substansie vir die datering van die ekspedisie, vir die koppeling van die twee kommissies en vir die terugrapportering en daaropvolgende besluit tot dorpsstigting nie.⁵⁵ Ook sy datering gegrond op Potgieter se besluit om hom noord van die Vaalrivier te gaan vestig ('pas na Julie 1838') gaan mank aan 'n oortuigende bewyslaas. In die lig hiervan moet sy *vermoede* oor die proklamasie van Potchefstroom sowel as oor die proklamasiedatum (November 1838), waarvan nogal veel gemaak word in die argumentasie rondom Potchefstroom se stigtingsdatum, as histories onverantwoord verwerp word.

Die ekspedisie se ondersoek het tog seker etlike weke geduur. Verder het 'n aantal van Potgieter se mense vir Andries Pretorius teen die Zoeloe gaan help en hulle sou hoogstens eers weer vroeg in Januarie 1839 by hul mense terug kon wees.⁵⁶ Derhalwe is dit hoogs onwaarskynlik dat Potgieter nog voor die einde van Desember 1838 die Sandviergebied summier sou ontruim om 'n nuwe nedersetting aan die Mooirivier te vestig. Feitelike gegewens en omstandigheidsgetuienis dui ook in hierdie geval daarop dat die stigting van Potchefstroom nie nog in 1838 kon plaasvind nie.

Andries Pretorius se brief vanaf Sandrivier, 1839

Verdere eerstehandse gegewens oor die doen en late van die emigrante-boere lê opgesluit in getuienis van Andries Pretorius, leier van die Voortrekkers in Natal. Oor die interpretasie daarvan bestaan egter meningsverskil. Vroeg in Januarie 1839 het Pretorius hom na die binneland begeef om sy trekgeselskap wat hy die vorige jaar in die Modderrivier-omgewing agterlaat het, te gaan haal. Hy het oor Sandrivier gereis in die geselskap van burgers wat uit die omgewing van Winburg teen die Zoeloe kom help het. Met sy terugkeer het hy weer by Sandrivier aangedoen⁵⁷ en van daar af geraporteer dat hy hom op 24 Februarie 1839, sonder inagneming van groot moeite, na 'den party van den ligsinnige H. Potgieter hebt begeven en heef hem weeder versoend en bevreidig met den geheele maatschappij ...'⁵⁸

Historikus Ben Liebenberg lei hieruit af dat Pretorius Sandrivier teen middel Februarie bereik, sy trek daar gelaat en toe noordwaarts gereis het om Potgieter op te soek:

Waar hy Potgieter aangetref het, is nie bekend nie, maar aangesien hy meld dat hy 'sonder onsiert van een groote moeite' na Potgieter gereis het, moet 'n mens aflei dat Potgieter reeds ver van Sandrivier, moontlik selfs al tot in die omgewing van Potchefstroom, getrek het.⁵⁹

In sy vertolking veroorloof *Van den Bergh* hom nog meer vryheid as Liebenberg:

Die moontlikheid is dus nie uitgesluit nie dat Pretorius hom eers tot Potgieter (te Potchefstroom?) in sy versoeningspoging gewend het en daarmee [daarna?] tot Potgieter se aanhangers waarvan groot getalle nog aan die Sandrivier (Winburg) gestaan het.⁶⁰

Beide aannames is ietwat vergesog. Dui die verwysing na 'groote moeite' nie bloot daarop dat Pretorius, met sy trek op pad na Natal, 'n redelike omweg gevolg het deur by Sandrivier aan te doen nie? Een blik op 'n kaart wat in 1845 by 'n verslag van Gideon Joubert aangeheg is, bevestig die krag van hierdie uitleg.⁶¹ En as Potgieter tog nie by Sandrivier was toe Pretorius daar aangekom het nie, kon hy hom as boer dalk net op sy plaas De Drie Koppen aan die Vaalrivier bevind het.⁶² Verder kan geredelik aanvaar word dat

⁵⁰ KAB, CO2778: Joernaal van G.D. Joubert, 19.12.1838. Kyk C. Venter, 'Die Voortrekkers en die ingeboekte slawe wat die Groot Trek meegebring het' (ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Groot Trek 150-konferensie, Potchefstroom, 19 Januarie 1988), p. 14.

⁵¹ H.S. Pretorius en D.W. Krüger (reds.), *Voortrekker-argiefstukke, 1829-1849* (Pretoria, 1937), pp. 29-31 (R.20/38).

⁵² Van der Merwe, 'Voortrekkers en Matebeles', pp. 276-277.

⁵³ *Ibid.*, p. 276.

⁵⁴ *Van den Bergh*, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 13.

⁵⁵ *Van den Bergh* vertolk byvoorbeeld gegewens oor die eerste strafekspedisie teen Mzilikazi (Januarie 1837) asof dit betrekking het op die inspeksiekommisie wat uitgestuur is voordat die Oorvalse gebied in 'besit geneem' is. Kyk TAB, SS463, 'Keate Award', pp. 335 en 337.

⁵⁶ Kyk B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal* (Pretoria, 1977), pp. 16 en 48. Liebenberg praat van 'n moontlikheid, maar Gideon Joubert toon beslis in 'n verslag aan dat 'n kommando van Potgieter se mense teen die Zoeloe gaan veg het, KAB, CO2778: J. Rawstone — Regeringsekretaris, 12.11.1838.

⁵⁷ Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, pp. 15-16 en 48.


⁵⁸ Pretorius en Krüger (reds.), *Voortrekker-argiefstukke*, pp. 50-51 (R.24/39).

⁵⁹ Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 49.

⁶⁰ *Van den Bergh*, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 12.

⁶¹ Vgl. die aangepaste natrek van die kaart wat deur Gideon Joubert en F. Rex saamgestel is (in KAB, CO2828: Wnd. sekretaris — Luitenant-gouerneur, 1845).

⁶² TAB, RAK2433, *Registrateur van Aktes : Plaasrequestenregister, 1839-1851*. Dié plaas is op 2 Augustus 1838 in sy naam geregistreer.



'n Deeglike studie van Gideon Joubert se reisjoernaal (1838) en sy aangepaste, nagetrekke kaart hierbo (1845), dui daarop dat A.H. Potgieter se laers waarskynlik noordwes van Winburg geleë was. Dit bring mee dat Andries Pretorius wat sy mense in die Modderrivier-omgewing (Osspruit) gaan haal het, nie die kortpad Natal toe ('Road to Draakberg') gevolg het nie maar met 'n groot oombad — in 'n noordwaartse rigting — getrek het om Potgieter se laers aan die Sandrivier te besoek ten einde versoening te bewerkstellig. Dit is dié moete waarna Pretorius na alle waarskynlikheid verwys. (Kyk voetnoot 61.)

Pretorius pertinent daarna sou verwys het as Potgieter in daardie stadium reeds die Vaalrivier oorgesteek en hom by Potchefstroom (Mooirivier) bevind het waar hy toe besig was om 'n nedersetting te vestig. Die feit dat die brief van Sandrivier af geskryf is, dui tog ook daarop dat dit steeds die basis van die Trekkers in die binneland was.

'Viator'-verslag, 1840

Op 19 Junie 1840 het *De Zuid-Afrikaan* 'n 'Extract uit een Joernaal, gehouden op eene reis naar de Uitgewekene Boeren' gepubliseer. Die verslag, onderteken deur 'Viator', bevat waardevolle inligting oor vestiging noord van die Vaalrivier en spesifiek ook aan die Mooirivier.

Ongewone, onverklaarbare foutiewe datering deur P.J. van der Merwe⁶³ word net so deur Van den Bergh oorgeneem om aan te duï 'dat daar teen Maart 1839 reeds 30 huisgesinne op Potchefstroom gewoon het'.⁶⁴ Hiervolgens moes die gemeenskap al goed gevvestig gewees het. Die bron toon egter onomwonde dat 'Viator' se waarneming van toepassing is op sy besoek wat in Maart 1840 plaasgevind het!

Natalse Volksraadsnotule

Inligting vervat in die notule van die Natalse Volksraad word ook deur skrywers ter onderskraging van 1838 as stigtingsdatum van Potchefstroom aangewend. So byvoorbeeld beoep Van den Bergh hom op drie inskrywings in die notule

van 6 September 1839, 1 April 1840 en 17 November 1840 om aan te toon dat plase reeds in 1838 noord van die Vaalrivier in besit geneem is. Hy verbind dié gegewens aan herinneringe van H.J. van der Merwe, een van die eerste intrekkers aan die Schoonspruit en kom tot die slotsom 'dat reeds sedert Junie 1838 toe Potgieter en sy volgelinge pas by die Sandrivier aangekom het van Natal, hy begin het om plase noord van die Vaalrivier aan sy ondersteuners toe te ken'.⁶⁵ 'n Deeglike ondersoek toon egter dat nog die betrokke notule nog die herinneringe van H.J. van der Merwe, eienaar van die plaas Buisfontein,⁶⁶ enige besonderhede oor plaasbesetting of plaasuitgifte noord van die Vaalrivier sedert Junie 1838 bevat. Van den Bergh lees dus meer in die betrokke notule as wat daarin staan en interpreteer Van der Merwe se verklaring verkeerd.⁶⁷

'n Volksraadsbesluit wat baie gebruik word om die pro-1838-siening te motiveer is een wat op 8 Oktober 1841 geneem is na aanleiding van 'n groot misverstand en onmin tussen inwoners van die 'andere zyde der Drakensberg' oor 'de aanteekeninge van Plaatzen in de jaaren 1838 en 1839 ...'.⁶⁸ Haasbroek verhef dié gegewens tot 'die feit' dat plase om Potchefstroom reeds in 1838 uitgegee is,⁶⁹ terwyl Badenhorst die verwysing na 'de andere zyde der Drakensberg' summier met Potchefstroom assosieer.⁷⁰ Ook Van den Bergh gebruik dié bron as hy verwys na 'bekende feite oor die toesegging en besetting van Transvaalse plase vanaf die Sandrivier in 1838' om die stigting van Potchefstroom aan 1838 te koppel.⁷¹

Dit is foutief om soos bogenoemde persone die verwysing na 'andere zyde der Drakensberg' of 'over de berg' ongekwalificeerd op die blank-bewoond gebied weerskante van die Vaalrivier van toepassing te maak. Plase is in die Vrystaat toegeken voordat die Vaalrivier oorgesteek is en die verwysings na 1838 het beslis in die eerste instansie op hierdie plase betrekking. 'n Deeglike bestudering van die notule toon dat daar 'n onderskeid te tref is tussen die plase wat sedert 1838 aangeteken is (dit wil sê Potgieter-toekennings) en dié wat vanaf 1839 deur landdros De Klerk uitgegee is. Die 1838-uitgifte se ligging hang ten nouste saam met die plek waar Potgieter en sy geselskap hulle op daardie tydstip bevind het.

Plaasregisters

In die voorafgaande betoog is telkens verwys na die waarskynlikheid dat Potgieter vir vestigingsdoeleindes die Vaalrivier eers in 1839 oorgesteek het. Verdere ondersteuning vir dié opvatting word aangetref in plaasregisters van die Registrateur van Aktes wat betreklik onlangs vir die eerste keer onder die aandag van historici gekom het.⁷² Dit werp besondere lig op die vestiging van die Voortrekkers, eers in

⁶³ Van der Merwe, 'Voortrekkers en Matebeles', p. 278.

⁶⁴ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 13.

⁶⁵ *Ibid.*

⁶⁶ TAB, SS463, 'Keate Award', pp. 333-339.

⁶⁷ Van der Merwe se getuenis staan ten nouste in verband met die stigting van Klerksdorp. (Dit word in 'n afsonderlike studie behandel.)

⁶⁸ *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Natal no. 1: Notule van die Natalse Volksraad, 1838-1845* (Kaapstad, 1958), pp. 115-116.

⁶⁹ Haasbroek, 'Potchefstroom, waar kry jy daardie naam?', p. 25.

⁷⁰ Badenhorst, 'Geschiedenis van Potchefstroom', p. 10.

⁷¹ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 15.

⁷² Vgl. D. Branken, 'Maritz se laer by Suikerbosrand', *Argiefnuus* 27(8), Februarie 1985, en E.S. van Eeden, 'Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948' (M.A., PUvCHO, 1988).

die latere Vrystaat en toe noord van die Vaalrivier, en kan aanvullend tot ander dokumentasie gebruik word om die datering van sodanige vestiging in Transvaal noukeuriger te probeer vasstel.

Dit is van belang vir hierdie studie dat die betrokke registers in duidelike kategorieë ingedeel kan word.⁷³ Eerstens is daar 'n register met 18 Junie 1838 as begin datum. Dit bevat hoofsaaklik die registrasie van plase in die Vrystaat en het 'n aanvang geneem pas vyf dae nadat Potgieter 'n grondtransaksie met Makwana aangegaan het.⁷⁴ 'n Tweede onderskeibare plaasregister is die 'Lijst van de Plaatsen die in het District van Mooirivier zijn uitgegeven op den 3 Juny 1839 door den Hoofdkommandant A.H. Potgieter.' Dit is opvallend dat in die Vrystaatse register geen nuwe plase vanaf die datum (3 Junie 1839) tot 1 Januarie 1840 opgeteken is nie. Die derde register begin op 3 Julie 1839 met die eerste vier inskrywings dié van plase aan die Sandrivier, gevvolg deur 'n aantal registrasies van plase aan die Schoonspruit. Dit is klaarblyklik die registrasie van plase wat deur Jakob de Klerk, na wie Klerksdorp vernoem is, uitgegee is.

Om die plaasregistrasies in perspektief te stel, moet in gedagte gehou word dat daar in Februarie 1839 skynbaar 'n versoening tussen Potgieter en die Natalse Trekkers was.⁷⁵ Hierdie verhouding is kort daarop weer versteur, want voor of op 22 Mei 1839 het die Natalse Volksraad vir Pretorius as 'hoof commendant over het algemeen aan deze en gene zyde der Draakberg' aangestel.⁷⁶ Moontlik het Jakob de Klerk ook in hierdie tyd sekere bestuursbevoegdhede 'oorkant die berg' gekry, want op 6 September, 'n dag voor sy aanstelling as landdros vir die gebied, het hy al navraag gedoen of hy twee plase per persoon kon toeken.⁷⁷ Dit kan daarop dui dat sy plaasregistrasies nog maar in die beginstadium was, soos inderdaad blyk uit die feit dat inskrywings in die 'De Klerk'-register eers van 3 Julie 1839 dateer.⁷⁸

Daar kan aanvaar word dat die stigting van 'n klein nedersetting of dorpie aan die Mooirivier nie 'n geïsoleerde daad sou wees nie, maar deur omliggende besetting van plase gerugsteun sou word. Soos aangetoon, het die eerste registrasies in die Vrystaat begin ongeveer 'n maand na Potgieter-hulle se aankoms en slegs vyf dae nadat 'eiendomsreg' in 'n ruiltransaksie bekom is, naamlik op 18 Junie 1838. Al word topografiese faktore en die relatiewe onbekendheid van die Trekkers met die gebied noord van die Vaalrivier in ag geneem (teenoor die feit dat hulle voor die trek na Natal met die Sandrivier-omgewing kennis gemaak het), sou dit nogtans vreemd wees indien die Mooirivier-nedersetting reeds in November of Desember 1838 sy beslag gekry en plaasbesetting eers vier of vyf maande later plaasgevind het.

H.J. van der Merwe, een van die eerste setlaars aan die Schoonspruit, het hom in 1839 op sy plaas Buisfontein gevestig — volgens Jakob de Klerk in ongeveer Maart of April van dié jaar⁷⁹ en volgens oorlewing ongeveer twee weke nadat die nedersetting daar sy beslag gekry het.⁸⁰ Sy plaasregistrasie is van die heel eerstes wat in die Potgieter-register aangeteken is, naamlik op 3 Junie 1839. Op dieselfde datum is ook die eerste aantal plase aan die Mooirivier geregistreer⁸¹ en kan tereg gevra word waarom die tydperk van vestiging in die geval van Van der Merwe ('n Potgieter-volging) nie ook op die Mooirivierse plaaseienaars van toepassing gemaak kan word nie. Van der Merwe se situasie, sowel as J.P. Marais se herinneringe, dui trouens sterk daarop dat die vestiging van die nedersetting en die besetting van plase in die gebied hand in hand gegaan het. Die noue bande wat persone soos J.L. Pretorius, J.G. Janse van Vuuren en W.P. Grobbelaar met Potgieter gehad het, hou verder die waarskynlikheid in dat hulle vestiging in die Mooirivier-gebied

(in 1839) en Potgieter se aanleg in Potchefstroom uit dieselfde tyd dateer.

SLOTWOORD

Die historikus M.C.E. van Schoor het, nadat hy deur die Potchefstroomse Stadsraad om 'n onpartydige siening gevader is, tot die slotsom gekom dat alles daarop dui dat die vestiging aan die Mooirivier 'of aan die einde van 1838, of ten minste aan die begin van 1839' geskied het. Hy het egter geen diepgaande bronnen-ontleding gedoen of insae gehad nie in etlike van die primêre bronne wat in hierdie artikel bespreek is.⁸²

Dit skyn of selfs Van den Bergh in 'n latere stadium oor 1838 as vestigingsdatum begin twyfel het; vandaar sy *vermoede* — gebaseer op 'die feit dat verskeie datums vir die aanleg van Potchefstroom aangegee word' — dat die vestiging aan die Mooirivier fasiegewys geskied en dat Potgieter periodiek van sy laers afwesig was, 'besig ... met die aanleg van Potchefstroom.' Hy verwys vervolgens na die *moontlikheid* dat enkele gesinne hulle reeds voor die einde van 1838 op die 'nuwe dorp' kon gevestig het, maar kom dan met 'n betekenisvolle erkenning: 'Die hoof beweging na Transvaal het egter eers in ongeveer Februarie 1839 geskied toe Potgieter self daarheen verhuis het.' Net daarna gryp hy weer terug na 1838: 'Daar bestaan dus voldoende gronde om die stigtingsdatum van Potchefstroom as November/Desember 1838 te aanvaar.'⁸³

Die datum van die eerste grootskaalse plaasregistrasies in Transvaal (Junie 1839) en die benaderde datum vir vestiging aan die Schoonspruit (ongeveer 'Maart of April 1839'), tesame met die talte bo-aangehaalde primêre en omstandighedsgetuienis, dui beslis op 1839 (eerder as 1838) as die waarskynlikste jaartal vir vestiging aan die Mooirivier en die stigting van Potchefstroom. Nader herlei, wil dit voorkom asof vestiging teen Februarie of Maart 1839 plaasgevind het en dat dít dan eintlik die stigtingsdatum van Potchefstroom is — tensy Van den Bergh, in sy omvattende dieptestudie oor Potchefstroom, met ander bewyslewering of nuwe bronne vorendag kom. ■

⁷³ TAB, RAK2433: Plaasrequestenregister, 1839-1851.

⁷⁴ Vir besonderhede oor die ruiltransaksie op 13 Junie 1838, kyk Van der Merwe, Voortrekkers en Matebeles', pp. 270-275.

⁷⁵ Kyk hierbo by die subafdeling 'Pretorius se brief ...'

⁷⁶ Suid-Afrikaanse argiefstukke, Natal no. 1, p.11.

⁷⁷ Ibid., p. 16; vgl. ook p. 17 (notule 6.9.1839). Kyk verder TAB, A.336, Ernst-versameling: Beëdigde verklaring van James Buchanan, 1874.

⁷⁸ TAB, RAK2433: Plaasrequestenregister, 1839-1851.

⁷⁹ TAB, A.336: Verklaring van J. de Clerq, 23.7.1855.

⁸⁰ Kyk in hierdie verband Marx, 'Wanneer is Klerksdorp gestig?', en 'Watter is die oudste dorp in Transvaal?'

⁸¹ TAB, RAK2433: Plaasrequestenregister, 1839-1851.

⁸² M.C.E. van Schoor, 'Verslag: Potchefstroom of Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?', 20 Januarie 1987' (in Potchefstroom Museum).

⁸³ Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad 1987', p. 15.